

Kruispad e-tydskrif Julie 2021: Ons verhoudings met mekaar

“No man is an island” is ’n welbekende frase. Dit is in 1624 geskryf as deel van ’n gedig deur John Donne (1572-1631) en is nou ’n aanvaarde spreekwoord. Dit is ’n baie lang tyd vir ’n frase om te oorleef, en mens kan net reken dat dit is omdat daar soveel waarheid daarin steek. Ons verhouding met God moet altyd eerste geplaas word, maar naas dit het ons ook ons naaste nodig.

In die Bybel kry ons baie, baie teksverse wat vertel oor ons naaste, oor vriende, oor medegelowiges, en selfs oor ons vyande. Dit is so belangrik dat ons verhoudings moet hê. Dink sommer net aan Genesis waar die Here God, nadat Hy vir Adam geskape het, gesê het: “*Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.*” Die Bybel beklemtoon vir ons dat ons mekaar nodig het: om mekaar te versterk, op mekaar te vertrou en mekaar aan te spoor in liefde.

Ons onmiddellike omgewing bestaan uit verskillende verhoudings. Van ons geboorte af begin ons verhoudings met ons ouers en ons familie, voor dit naderhand uitbrei tot vriende en ander geliefdes. In ’n [vorige Kruispad e-tydskrif](#) het ons gekyk na naasteliefde en hoe ons verhouding met ons naaste moet lyk. [Hierdie maand](#) kyk ons in kort na die verhoudings wat nóg nader aan die hart lê: Ons verhoudings met vriende en liefdesverhoudings. Op ons [webwerf](#) is nog meer [artikels oor verhoudings](#).

Soos altyd is jy welkom om nog vrae of gedagtes met ons te deel, deur ’n [e-pos te stuur](#).

Tot volgende maand,
Die *Kruispad*-redaksie

“Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld” (Romeine 12:10).

Weet jy hoe’n goeie vriendskap lyk?

Vriende is ’n groot gawe in ons lewens. Dis egter belangrik dat ons moet weet watter eienskappe ’n goeie vriend maak en hoe om ’n toksiese vriendskap raak te sien. [Lees die artikel hier](#).

Die liefde van ’n goeie vriendskap

In sy genade gee die Here vir ons ware vriende, vriende wat nader as ’n familielid kan wees. [Leer meer](#) oor die liefde van ’n hegte vriendskap.

Moet liefdesverhoudings altyd tot trou lei?

Jongmense worstel dikwels met hierdie vraag. Wanneer ons egter kyk wat die Bybel oor die huwelik leer, kan ons dié vraag oor liefdesverhoudings en trou beantwoord. [Lees hier](#).

Wat as ek nie trou nie?

As die doel van die huwelik is om die probleem van alleenheid op te los, wat dan as ek nie trou nie? [Lees hier](#) meer oor die gawe van alleenheid en hoekom iemand dalk nie sal trou nie.

Wat die Bybel oor saambly sê

God wil hê ons moet anders wees, heilig wees, want daarmee saam seën Hy ons verhoudings en ons huwelike. [Lees hier](#) wat ons uit die Bybel oor saambly voor die huwelik leer.

Hou in eensaamheid aan jou Herder vas

Wanneer jy eensaam voel kan jy onthou dat die Here Jesus Christus in eensaamheid geleef en vir jou gesterf het, en dat jy kan uitsien om tot in ewigheid saam Hom te wees. [Lees hier](#).